St Paulus Preprimêre en Primêre Skool
NUUSBRIEF

(012) 804-9670
(012) 804-5039
Mev M. Gorst-Allman

www.saschools.co.za/stpaulus
Nr. 6
19 Februarie 2010

INTERHUIS PRET-GALA

Die Gala is een van die hoogtepunte van ons kalender. Dit vind plaas op die eerste van ons verpligte Saterdae van 2010 en registers van bywoning sal geneem word. Ons vra dat u asseblief ‘n poging sal aanwend om u kinders te bring om die dag saam met ons te kom geniet. Die Graad Sewes het baie hard gewerk om hulle Huis-temas gereed te kry en die hele skool het pouses hulle oorlogskrete geoefen ter voorbereiding van hierdie langverwagte gebeurtenis. Ouers wat reeds ‘n Gala saam met ons beleef het sal weet dat die klem hier op deelname en spangees is. Die belangrikste is om in ons kinders ‘n trots vir hulle skool, hulle Huis, en ‘n bewuswording te kweek dat om te wen, of selfs net deel te neem, die span elke lid van die Huis nodig het. Punte word toegeken aan almal wat deelneem, en die Huis wat wen is die een van wie almal die gala bygewoon en almal in soveel as moontlik wedrenne swem. Op hierdie wyse is hulle in staat om die meeste punte te kry. Ons ken ook ‘n “Gees-Trofee” toe vir die Huis met die meeste spangees, die beste oorlogskrete, wat hulle spanmaats die meeste aanmoedig en ondersteun, en wat die area rondom hulle Huis netjies en Rommel-vry hou.

BELANGRIKE GALA INLIGTING:

(Voorskool het ‘n aparte briefie.)
Kinders van Graad Een tot Sewe moet om 08:00 by hulle klaskamers aanmeld vir register-opnames.
Verby-mars en Temaliedjie om 08:30.
Die Voorskool wedrenne sal eerste plaasvind.
Leerders moet hulle Huis-hempies en sportbroekies/’skorts’ bo-oor swembroeke aanhê.
Onthou asseblief SONBRANDMIDDEL en SONHOEDE.
Die OOV sal verversings verskaf, aangesien hierdie geleentheid ‘n OOV fondsinsameling is. St Paulus Dollars sal verkoop word.
Onthou ook om piekniekkomberse, kussings, kampstoele en sonsambrele te bring.
Die swembad area is ‘n ROOKVRYE AREA, soos by enige geleentheid waar kinders betrokke is.
Kinders moet onthou – trek ‘n T-HEMP aan, sit ‘n HOED op, en smeer SONBRANDMIDDEL aan.
Alhoewel ons elke moontlike poging aanwend om dit te voorkom, lok die geleentheid wel bye. Verseker asseblief dat enige kind wat allergies is vir bysteke die nodige medikasie byderhand het en dat klasonderwyseresse hiervan bewus is. Ons sal ‘n Eerstehulp-tent met paramedici op bystand hê vir noodgevalle.
Kom met u eetlus en ondersteun die OOV fondsinsameling! Al die geld is ten bate van daardie ‘lekker-om-te-hê” items vir ons kinders en ons skool!

OPE WEEK

Ons het besluit om hierdie jaar ons benadering te verander. In plaas daarvan om vir voornemende Graad 00, Graad R en Graad Een ouers ‘n Ope-dag op ‘n Saterdag te hou, sal ons die skool oopstel vir besoekers sodat hulle ons in aksie kan sien. Indien u vriende het wat belangste om hulle kinders by ons in te skryf vir 2011, kan u gerus die inligting aan hulle oodra:
10 – 12 Maart van 09:00 - 11:00.

MIDDEL-VAN-DIE-KWARTAAL VAKANSIE

Die skool sal Donderdag, 25 Februarie om 12:30 sluit en weer om 07:45 op Dinsdag, 2 Maart heropen. St Paulus is gasheer vir die Katolieke Skole Onderwysersdag wat op Vrydag, 26 February sal plaasvind, en waar 350 onderwysers bymekaar kom vir Mis en ‘n motiverende werkswinkel. Aartsbiskop Emeritus George Daniel sal die Mis waarneem, en Jaco Boetger, die bekende motiverende spreker sal ‘n aanbieding met sy orkes, CH2 Guitar Duo, maak.

VALENTYNSDAG-KERMIS EN UITREIK

Baie geluk, Graad 7's, met 'n goed-bedrewe kermis! Almal het dit geniet.

Dankie ook aan almal wat bygedra het tot die HAITI SILWERMUNT INSAMELING, wat R2,911.05 ingebring het. Ons uitreik-projekte volg die tema "Kinders wat uitreik aan ons kinders in nood". Daar is soveel nood dat dit maklik is om oorweldig te voel, en daarom focus ons ons pogings baie fyn. As 'n Katolieke Skool ondersteun ons Katolieke organisasies wat vir kinders met HIV/VIGS sorg, deur kruideniersware bymekaar te maak. Klere, Paaseiers, Kersgeskenke of en geld word ook ingesamel vir kinders wat deur tragedies of natuurrampe geraak word.

Ons kan ons donasies dophou om te verseker dat hulle hulle bestemmings bereik. Die geld wat ons ingesamel het vir die kinders in Haiti sal deur die Suid-Afrikaanse Katolieke Biskopskonferensie (SACBC) oorhandig word.

Ons gaan weer kruideniersware insamel vir ons HIV/VIGS gesinne in Mamelodi, wat onder die sorg van die CWL is. Ons sal onmiddellik by die Graad Sewes begin. Mev van der Wielen sal vir elke kind 'n lysie gee van watter kruideniersware in 'n pakkie moet kom. Ons vra dat u asseblief sal hou by die items op die lysie, aangesien dit basiese benodigdhede is en ons wil verseker dat alle gesinne dieselfde items ontvang.

MEEGEVOEL

Ons gedagtes en gebede is by Kaydin Fischat se familie met die verlies van Kaydin se boetie, Casey, wat Dinsdag verdrink het.

ALGEMEEN

Die 'Shop'
Die nuwe krieketklere, asook uistaande bestellings, is nou beskikbaar.

Baden-Powell-Dag
Padvinders, 'Cubs' en "Brownies" word uitgenooi om op 22 February hulle uniforms te dra ter ere van hulle stigter.

VOORSKOOL HEK

Om sekuriteit te verbeter, sal hierdie hek net op sekere tye oop wees:
07:00 – 08:30
12:00 – 14:30
Ons maak gebruik van ons twee sekuriteitswagte en het net een ingang- en uitgangspunt by die Hoofhek ná 14:30.

WAT VOORLÊ

Saterdag, 20 Februarie:
Interhuis Pret-Gala
Sondag, 21 Februarie
O/13 A Krieket by St Alban's
Maandag, 22 Februarie:
Tennis:
Seuns C1 teen Magalies by St Paulus
Seuns D4 teen Garsfontein by St Paulus
Meisies D3 teen Garsfontein by Garsfontein
Dinsdag, 23 Februarie:
Krieket:-
O/13 A teen CBC by CBC
O/13 B teen CBC by St Paulus
O/13 C teen La Montagne by St Paulus
Woensdag, 24 Februarie:
Krieket:
O/9 A teen CBC by CBC
O/11 A teen CBC by CBC
O/10 A teen CBC by STP
O/11 B teen La Montagne by La Montagne
O/10 B teen La Montagne by St Paulus
Donderdag, 25 Februarie:
Middel-van-die-kwartaal vakansie –
Skool sluit om 12:30 en heropen Dinsdag, 23 Februarie.
Krieket - U/9 B westryde is uitgestel as gevolg van die vakansiedae.

Ons sien uit daarna om Saterdag 'n Familiedag saam met u te geniet!